



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

GESKIEDENIS V2

MODEL 2014

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 12 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

VRAAG 1: BURGERLIKE WEERSTAND, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

AFDELING B: OPSTELVRAE

VRAAG 4: BURGERLIKE WEERSTAND, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE: ONDERHANDELDE OOREENKOMS EN DIE RNE

VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat nodig word om hierdie vrae te beantwoord kan in die ADDENDUM gekry word.
3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.
4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:
 - 4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.
 - 4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.
5. In die beantwoording van die vrae moet kandidate hul kennis, vaardighede en insig gebruik.
6. Die blote oorskryf van bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.
7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
8. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, uit hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM.

VRAAG 1: HOE HET DIE IDEES VAN DIE SWARTBEWUSSYNSBEWEGING DIE APARTHEIDSREGERING GEDURENDE DIE 1970's UITGEDAAG?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

- 1.1 Verwys na Bron 1A.
- 1.1.1 Wat, volgens die bron, was die hoofdoelwitte van die filosofie van Swart Bewussyn? (2 x 1) (2)
- 1.1.2 Waarom, dink jy, het die Swartbewussynsbeweging die konsep van selfstandigheid gewild gemaak? Motiveer jou antwoord met geldige redes. (2 x 2) (4)
- 1.1.3 Noem die VIER take wat die Swartbewussynsbeweging hulle ten doel gestel het om te bereik. (4 x 1) (4)
- 1.2 Gebruik Bron 1B.
- 1.2.1 Waarom, dink jy, is SASO gestig? (1 x 2) (2)
- 1.2.2 Op watter manier was SASO aan die Swartbewussynsbeweging verbind? (1 x 2) (2)
- 1.2.3 Noem TWEE gebeurtenisse binne en buite Suid-Afrika wat gestrek het om swart Suid-Afrikaners te inspireer. (2 x 1) (2)
- 1.3 Vergelyk Bron 1A en 1B. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1A en 1B eenders is met betrekking tot die filosofie van die Swartbewussynsbeweging. (2 x 2) (4)
- 1.4 Lees deur Bron 1C.
- 1.4.1 Waarom, volgens die bron, is Swart Bewussyn as 'n bedreiging beskou? (1 x 2) (2)
- 1.4.2 Noem die VIER leiers wat in 1973 deur die apartheidsregering verban is. (4 x 1) (4)
- 1.4.3 Waarom, dink jy, het Vorster aangedui dat die gebeurtenisse wat in Mosambiek ontvou het, wit Suid-Afrikaners sou beïnvloed? (1 x 2) (2)
- 1.4.4 Verduidelik hoe anti-apartheidsaktiviste in Suid-Afrika die einde van Portugese oorheersing in Mosambiek herdenk het. Gebruik voorbeelde uit die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

- 1.5 Bestudeer Bron 1D.
- 1.5.1 Watter boodskap dra hierdie spotprent rakende Biko oor? (1 x 2) (2)
- 1.5.2 Lewer kommentaar op die belangrikheid van die byskrif in die spotprent: 'BIKO 20 jaar later, 'n onuitwisbare nalatenskap'. (2 x 2) (4)
- 1.6 Verwys na Bron 1A, 1B, 1C en 1D. Kies en verduidelik watter EEN van die bronne jy as die bruikbaarste sou beskou wanneer jy die invloed van die Swartbewussynsbeweging op Suid-Afrikaners in die 1970's bestudeer. (2 x 2) (4)
- 1.7 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die idees van Swart Bewussyn die apartheidsregering gedurende die 1970's uitgedaag het. (8) **[50]**

VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUID-AFRIKA GEHELP OM DIE VERLEDE TE AANVAAR?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Bestudeer Bron 2A.

- 2.1.1 Wat was die doel van die WVK? (1 x 2) (2)
- 2.1.2 Noem TWEE aspekte uit die bron wat voorstel dat die WVK tot die proses van genesing in Suid-Afrika bygedra het. (2 x 1) (2)
- 2.1.3 Verduidelik die verwysing van die woorde 'die dier van ons donker verlede' in die konteks van die rol van die WVK. (2 x 2) (4)
- 2.1.4 Hoe, volgens die inligting in die bron, kon nasionale eenheid en versoening bereik word? (3 x 1) (3)
- 2.1.5 Gebruik die inligting in die bron en lewer kommentaar op die mate waarin die WVK as 'n sukses beskou is. (2 x 2) (4)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

- 2.2.1 Verduidelik die boodskappe wat die spotprenttekenaar oor die WVK oordra. (2 x 2) (4)
- 2.2.2 Waarom, dink jy, word Suid-Afrika se verlede as 'n spookhuis uitgebeeld? (1 x 2) (2)

2.3 Lees Bron 2C.

- 2.3.1 Waarom het Nonhle Mohapi die apartheidsregering vir haar man se dood geblameer? (1 x 2) (2)
- 2.3.2 Wat het Nonhle Mohapi gemotiveer om haar getuienis by die WVK-verhore af te lê? (1 x 2) (2)
- 2.3.3 Haal TWEE redes aan waarom Nonhle Mohapi krities was oor die werk van die WVK. (2 x 1) (2)

- 2.4 Verwys na Bron 2D.
- 2.4.1 Waarom, volgens die bron, is die WVK as omstrede beskou? (1 x 2) (2)
- 2.4.2 Lewer kommentaar op waarom jy dink dat Gobodo-Madikizela gesê het dat die WVK 'n poging was 'om daardie geskiedenis 'n werklikheid te maak'. (1 x 3) (3)
- 2.4.3 Verduidelik wat bedoel word met die stelling dat 'versoening ... 'n aanvaarding van boosheid is'. (2 x 2) (4)
- 2.4.4 Verduidelik die konsep *geregtigheid* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 2.4.5 Verduidelik tot watter mate Gobodo-Madikizela se aanname dat die WVK daarin geslaag het om 'geregtigheid' te bewerkstellig, as geldig beskou kan word. (2 x 2) (4)
- 2.5 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik of die WVK Suid-Afrikaners gehelp het om die verlede te aanvaar. (8) **[50]**

VRAAG 3: HOE HET GEWONE MENSE NA DIE 1990's OP GLOBALISERING GEREAGEER?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Lees Bron 3A.

- 3.1.1 Verduidelik die konsep *globalisering* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 3.1.2 Wat, volgens die bron, is TWEE positiewe gevolge van globalisering? (2 x 1) (2)
- 3.1.3 Op watter maniere, dink jy, kan besighede soos McDonald's en Starbucks:
- (a) Hulp aan ekonomies minder ontwikkelde lande verleen (1 x 2) (2)
- (b) Ekonomies minder ontwikkelde lande uitbuit (2 x 2) (4)
- 3.1.4 Verduidelik of McDonald's as 'n voorbeeld gebruik kan word van hoe tipiese besighede in die globale ekonomie besigheid gedoen het. (1 x 2) (2)
- 3.1.5 Wat, volgens die bron, is die rolle van ekonomies minder ontwikkelde lande (EMOL'e) in 'n geglobaliseerde ekonomie? (2 x 1) (2)

3.2 Gebruik Bron 3B.

- 3.2.1 Noem die TWEE lande wat besigheid met die VSA gedoen het, soos wat dit in die bron uitgebeeld word. (2 x 1) (2)
- 3.2.2 Verduidelik die boodskappe wat in die spotprent oorgedra word. Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)
- 3.2.3 Wat kan jy aflei uit Kerry se voorneme om Amerika vir Kanada te verlaat? (1 x 2) (2)

- 3.3 Vergelyk Bron 3A en 3B. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3B bevestig waarna daar in Bron 3A verwys word met betrekking tot ekonomiese praktyke in 'n geglobaliseerde wêreld. (2 x 2) (4)

- 3.4 Raadpleeg Bron 3C.
- 3.4.1 Volgens die inligting in die bron, watter organisasie is gedurende hierdie protesaksie geteiken? (1 x 1) (1)
- 3.4.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom trekarbeiders en hongerloonwerkers protesaksie teen die Wêreldhandelsorganisasie ondersteun het. (2 x 2) (4)
- 3.4.3 Watter bewyse in die bron dui daarop dat sommige van die betogers kennis gedra het van die Wêreldhandelsorganisasie se aktiwiteite? (2 x 1) (2)
- 3.4.4 Noem DRIE geskilpunte waaroor betogers ongelukkig was met betrekking tot hoe die Wêreldhandelsorganisasie gefunksioneer het. (3 x 1) (3)
- 3.5 Bestudeer Bron 3D. Watter boodskappe dra die plakkate in die foto oor rakende die Wêreldhandelsorganisasie? (2 x 1) (2)
- 3.6 Vergelyk Bron 3C en 3D. Verduidelik hoe hierdie bronne mekaar ondersteun met betrekking tot die Wêreldhandelsorganisasie. (2 x 2) (4)
- 3.7 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy kommentaar lewer op hoe gewone mense op globalisering na die 1990's gereageer het. (8) **[50]**

AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar NIE meer as TWEE vrae nie, uit hierdie afdeling.

Jou opstel behoort ongeveer DRIE bladsye lank te wees.

VRAAG 4: BURGERLIKE WEERSTAND, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

PW Botha se beleid om die onderdrukte meerderheid te 'verdeel en regeer' was, op sy beste, 'politieke selfmoord'.

Ondersoek die geldigheid van hierdie stelling krities deur te verwys na die toenemende interne weerstand deur die anti-apartheidsorganisasie teen Botha se apartheidsregering gedurende die 1980's.

[50]**VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE**

'n Toename in geweld gedurende die 1990's was 'n desperate poging deur regse politieke organisasies om die onderhandelingsproses te ontspoor.

Stem jy saam met die stelling? Gebruik relevante voorbeelde om jou argument te ondersteun.

[50]**VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE**

Die val van die Sowjetunie in 1989 het 'n belangrike invloed op die politieke toekoms van Suid-Afrika gehad.

Verduidelik tot watter mate hierdie stelling geldig is. Motiveer jou antwoord deur relevante voorbeelde te gebruik.

[50]**TOTAAL: 150**